# Die herdenking van historiese gebeurtenisse

ANDRÉ WESSELS
*University of the Free State, Bloemfontein, South Africa*
wesselsa.HUM@mail.uovs.ac.za

ANNA-KARIN EVALDSSON
*University of the Free State, Bloemfontein, South Africa*
akevaldsson@telkomsa.net

**Abstract.** Throughout the ages people have commemorated events that they have deemed to be of historical significance. In most instances, commemorative events are relatively speaking unimportant, but sometimes commemorations can have significant consequences for a community or even for a country, for example, when those events stimulate nationalism, bind people together or, alternatively, lead to divisions in a community or country. This is in particular true of situations where politicians hijack commemorative events to further their own political goals. When the commemoration of an event is studied, it is consequently imperative that the historical context, in which the commemoration took place, must be taken into account.

In this article a few general examples of commemorative events are first of all discussed; thereafter commemorations in the South African context are briefly evaluated and, finally, a case study is dealt with in some detail, namely the centennial of the Anglo-Boer War of 1899 to 1902. The major role players who organized the centennial and participated in the many events are identified, their goals are evaluated and a review is given of the main events.

## 1. Inleiding

Die herdenking van historiese en ander gebeurtenisse is eie aan die mens en dateer terug na die vroegste tye. Meestal is herdenkings relatief gesproke onbelangrik, maar in sommige gevalle kan dit tog (selfs verreikende) gevolge vir 'n samelewing inhou. Dit kan nasionalisme versterk en mense saambind, maar dit kan ook 'n samelewing verdeel. Soms word herdenkingsgeleenthede vir een of ander politieke doel deur politici gekaap. Wanneer herdenkingsgeleenthede bestudeer word, moet die historiese konteks waarin dit plaasgevind het, deurgaans verdiskonteer word.

Uitgaande van die standpunt dat die bestudering van historiese herdenkingsgeleenthede 'n mens kan help om bestek op te neem van die toestand waarin 'n bepaalde land, samelewing of kultuur op 'n bepaalde stadium in sy/haar ontwikkelingsgeskiedenis verkeer, word in hierdie studie ten eerste kortliks op 'n paar algemene voorbeelde van herdenkingsgeleenthede gelet; ten tweede na herdenkingsgeleenthede in die algemeen in die Suid-Afrikaanse konteks verwys; en ten derde 'n gevallestudie hanteer, naamlik die herdenking van die Anglo-Boereoorlog. In laasgenoemde verband word na die belangrikste rolspelers en die doelwitte van die herdenking in Suid-Afrika verwys, 'n oorsig van die verskillende herdenkingsgeleenthede in die land verskaf en hierdie geleenthede geëvalueer.

## 2. Enkele algemene voorbeelde van herdenkingsgeleenthede

'n Groot aantal belangrike historiese gebeurtenisse (wat dramaties in omvang en/of impak was) het deur die jare/eeue heen vervaag. Dit verklaar byvoorbeeld waarom die vernietiging van Troje deur die Grieke (ongeveer 1100 v.C.), Alexander die Grote se deurslaggewende oorwinning oor die Perse te Arbela (1 Oktober 331 v.C.), Hannibal se reuse oorwinning oor die Romeine te Cannae (3 Augustus 216 v.C.), die plundering van Rome deur die Gote (24-25 Augustus 410 n.C.), die slag by Agincourt (25 Oktober 1415) en die beslissende slag te Bosworth (21 Augustus 1485) tydens die Wars of the Roses in Engeland—om maar enkele voorbeelde te noem (kyk Bruce 1979)—nie meer herdenk word nie. Ander gebeure word selektief herdenk: sommige Britse militêre eenhede herdenk elke jaar hul groot oorwinning van 1815 op Waterloo-dag (18 Junie), terwyl Franse eenhede om vanselfsprekende redes sal verkies om dit nie te herdenk nie. Ander herdenkingsgeleenthede het deur die jare heen feitlik universele betekenis verkry, byvoorbeeld Wapenstilstandsdag (11 November) wat die einde van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) in herinnering roep. In sommige lande, soos in Frankryk, is dit selfs 'n vakansiedag.

In die lig van die verskriklike slagting wat tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) plaasgevind het, word die einde van dié oorlog, asook ander aspekte van die oorlog van tyd tot tyd herdenk. In Nederland is 4 Mei 'n openbare vakansiedag ter herdenking van dié land se bevryding van die Nazi-juk in 1945, in Frankryk is 8 Mei 'n vakansiedag bekend as 1945-oorwinningsdag, en in Rusland is 9 Mei 'n vakansiedag bekend as Oorwinningsdag ter herdenking van die einde van die Tweede Wêreldoorlog. In 1995 is die 50ste herdenking van dié

omvangryke oorlog in talle lande herdenk; so ook die 60ste herdenking in 2005. [1] In 1995 was daar byvoorbeeld herdenkingsfunksies in talle Nederlandse stede en dorpe. Dit het gekulmineer in 'n kransleggings- en huldigingsplegtigheid op die Dam in Amsterdam die aand van 4 Mei (met die volgende dag 'n groot lug- en vlootskou te Scheveningen, en die aand weer eens plegtighede in Amsterdam—met 'n aantal Nederlandse, Amerikaanse, Britse en Kanadese oorlogsveterane oral teenwoordig). Teen 2005 was daar veel minder veterane wat nog geleef het, maar wêreldwyd was daar steeds talle herdenkingsgeleenthede, enersyds om die einde van die oorlog in Europa (Victory in Europe, VE-Day) op 8 Mei te herdenk, en andersyds die oorwinning in die Verre Ooste (Victory over Japan, VJ-Day), 15 Augustus en/of 2 September. In Brittanje is besluit om in plaas van twee herdenkingsgeleenthede, 'n herdenkingsweek vanaf 10-14 Julie 2005 te hou om die einde van die oorlog in beide oorlogsones sáám te herdenk. Dit het die vorm van talle uitstallings en seremonies aangeneem, met as hoogtepunt 'n kerkdiens en parade op Sondag 10 Julie (kyk bv. *Weekly Telegraph* 13-19 Jul. 2005: 8; *The Mercury* 11 Jul. 2005: 5). Hoewel die herdenking deur die bomontploffings op 7 Julie (aan boord drie moltreine en 'n bus) oorskadu is, was dit nogtans 'n sukses (kyk bv. *The Guardian* 8 Jul. 2005: 1-8; *International Express* 12-18 Jul. 2005: 1-7, 10; *The Mercury* 8 Jul. 2005: 1, 4, 10; *Daily News* 7 Jul. 2005: 1; *Sunday Times* 10 Jul. 2005: 4-5; *Volksblad* 8 Jul. 2005: 1, 3, 8-9; 9 Jul. 2005: 1, 5-6).

Al leef die meeste oorlogsveterane nie meer nie, bestaan daar steeds via hul kinders, kleinkinders en dies meer 'n verbintenis met die verlede. Die feit dat daar meer as 50 miljoen mense in die Tweede Wêreldoorlog gesterf het (en dalk soveel as 80 miljoen) is op sigself genoeg rede om uit dankbaarheid vir die vrede wat uiteindelik aangebreek het, die einde van die stryd te herdenk. Verder word mense ook nog deur die eeue heen deur militêre geskiedenis en sogenaamde heroïese (asook tragiese) gebeure gefassineer. Daarom dan ook dat, binne die breë raamwerk van die herdenking van die Tweede Wêreldoorlog, gebeure soos die Battle of the Atlantic, die D-Dag inval, die Poolse opstand van 1944 (en gepaardgaande Geallieerde lugbrug) en die ontsetting van die Auschwitz/Birkenau-konsentrasie/uitwissingskampe herdenk word. Wat die genoemde Geallieerde lugbrug betref, is dit interessant om daarop te let dat talle Suid-Afrikaanse vlieëniers ook daaraan deelgeneem het, en dat daar jaarliks herdenkings by die grafte van diegene wat gesterf en in Pole begrawe is, gehou word.

'n Ander militêre gebeurtenis wat in die loop van 2005 op groot skaal in Brittanje herdenk is, is die seeslag te Trafalgar (21 Oktober 1805). Ter ere van die 200-jarige herdenking van dié gebeure is 'n internasionale vlootrevue reeds op 28

[1] André Wessels het talle van die herdenkingsgeleenthede in 1995 en 2005, wat vervolgens bespreek gaan word, bygewoon, asook die Trafalgar 200-herdenking te Portsmouth, en dus is daar nie oral verwysings nie.

Junie 2005 in die Solent by Portsmouth gehou (waaraan onder andere meer as 100 oorlogskepe van 37 lande deelgeneem het) (kyk bv. *The Daily Telegraph* 29 Jun. 2005: 1, 4-5), 'n internasionale fees van die see in die Portsmouth-vlootbasis (30 Junie-3 Julie) (*International Festival of the Sea* n.d.), 'n "Nelson & Napoleon" -uitstalling in die National Maritime Museum te Greenwich (7 Julie-13 November 2005) (*Nelson & Napoleon Exhibition Guide* n.d.), 'n dinee aan boord Nelson se vlagskip, HMS *Victory* (21 Oktober 2005) en 'n kerkdiens in St Paul's Cathedral en seremonies op Trafalgar Square (23 Oktober 2005).

In die meeste lande word nasionale dae (wat gewoonlik onafhanklikheidswording in herinnering roep) herdenk, byvoorbeeld die Noorweërs herdenk elke jaar op 17 Mei hul onafhanklikheid van Swede in 1905. Die meeste lande herdenk hul onafhanklikheidsdag, op 'n dag waarop dié betrokke nasie tot stand gekom het, byvoorbeeld Pole op 3 Mei, Algerië op 1 November, Argentinië op 25 Mei, Finland op 6 Desember, Ghana op 6 Maart, Ysland op 17 Junie, Israel op 14 Mei, Frankryk op 14 Julie, Mongolië op 11 Julie, Suid-Korea op 15 Augustus, Nieu-Seeland op 6 Februarie, Swede op 6 Junie (eers vanaf 2005 'n vakansiedag), Zimbabwe op 18 April ("National day" n.d.), en op 4 Julie herdenk die inwoners van die Verenigde State van Amerika (VSA) hul Independence Day. Toe die VSA in 1976 200 jaar van onafhanklikheid gevier het, het van die plaaslike inheemse en swart inwoners die geleentheid geboikot of protesoptogte gehou omdat dit nie aan hul lyding in die verlede (byvoorbeeld as slawe) of rol in die opbou van die land die nodige erkenning verleen het nie (Eriksen 1996: 94). Nog 'n plek waar herdenkings geleenthede tot verdeeldheid aanleiding gegee het (en steeds tot probleme lei) is in Noord-Ierland. So onlangs as September 2005 het parades deur Unionists geweldpleging tot gevolg gehad (kyk bv. Mac Ginty 2001: 9-10; Jarman 1997; McKenna n.d.). Ander voorbeelde van herdenkingsgeleenthede sluit in enigiets van 'n relatief obskure opstand in België in 1798 waarvan die 200-jarige herdenking in 1998 plaasgevind het (Goris et al. 1998), tot die jaarlikse herdenking op 11 September van die dramatiese terreurdade in 2001 in die VSA (hoewel die aard en omvang van die herdenking geleidelik afneem)—en nou ook die bomaanvalle in Madrid (11 Maart 2004) en London (7 Julie 2005).

Herdenkings spruit dus tradisioneel meestal voort uit een of ander militêre gebeurtenis of daad van konflik; daar is sterk klem op die sogenaamde heroïese, soms op die tragiese (insluitend die lyding van veral burgerlikes), en dit is gewoonlik die oorwinnaar(s) wat die aard en omvang van die herdenking bepaal. Ander sake kan egter ook herdenk word, byvoorbeeld godsdienstige gebeure of die totstandkoming van 'n vakbond (in Pole, Solidariteit, op 17 September 1980) of lidmaatskap van 'n belangrike organisasie (Pole en nege ander lande word lid van die Europese Unie op 1 Mei 2004).

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die mens se geheue en daarmee gepaardgaande herinneringsvermoë [Eng. memory] hom/haar in staat stel, en soms ook aanspoor, om gebeure wat reeds plaasgevind het, weer en weer

in herinnering te roep en—mits dié bepaalde gebeurtenis(se) belangrik genoeg was—ook op een of ander wyse formeel te herdenk. Hierdie gebeure is tegelyk ook histories belangrik en historici doen dus navorsing oor dit wat herdenk word; en wanneer die herdenking(s) van die gebeure op sigself belangrik genoeg geag word, kan ook die herdenkingsaksies die onderwerp van historiese navorsing word. Herdenkingsgeleenthede is immers praktiese manifestasies van byvoorbeeld 'n bepaalde gemeenskap, volk of nasie se kulturele herinneringe en as sodanig vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt van besondere belang. Deur middel van herdenkingsgeleenthede kommunikeer 'n gemeenskap, volk of nasie uiteraard ook iets (selfs veel) omtrent hulself (vergelyk *wat* herdenk word en *hoe* dit herdenk word). Verdiskonteer in hierdie verband egter ook die rol en invloed van politici, asook die feit dat die (politieke, militêre, ens.) oorwinnaars kan (mede-) bepaal wat vergeet en wat onthou (en dus ook herdenk) moet word.

Die mens se geheue/herinneringsvermoë bind hom/haar aan die verlede en die daaruit voortspruitende herdenking van historiese gebeure versterk weer dié verbintenis met die verlede. Die mens is egter geneig om selektief te onthou/te vergeet en herdenk dus ook selektief. Die positiewe/heroïese/aangename herinnering(e) sal eerder onthou word as die neerlae wat gely is, tensy daar in die neerlaag 'n sterk heroïese element aanwesig was en/of uit die neerlaag iets besonders positief voortgespruit het. In tye van nasionalistiese herlewing, ideologiese verandering en/of in 'n oorgangsfase in 'n land (of volk) se geskiedenis, word sommige sogenaamde helde of belangrike gebeure in die verlede soms herontdek en gewoonlik ingespan in diens van een of ander ideologie of ter bevordering van 'n nasionalistiese of ander strewe. Teen hierdie agtergrond word vervolgens na die herdenking van historiese gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse konteks gekyk.

## 3. Die Suid-Afrikaanse konteks

Hoewel Suid-Afrika aan beide die twintigste-eeuse wêreldoorloë deelgeneem het, en die land relatief gesproke 'n belangrike rol gespeel het, was die land se bydrae in verhouding tot dié van die meeste ander Geallieerde moondhede nie so groot nie en—ver verwyder van die vernaamde oorlogsones—het die land se inwoners ook nie juis gely nie. Die wêreldoorloë word jaarliks in Suid-Afrika op die Sondag naaste aan 11 November herdenk, maar dit vind op klein skaal plaas en lok nie veel belangstelling uit nie. Ook die 50$^{ste}$ en 60$^{ste}$ herdenking van die Tweede Wêreldoorlog het feitlik ongesiens verbygegaan.

In die loop van die twintigste eeu het die meeste herdenkingsfunksies in Suid-Afrika op openbare vakansiedae wat aan een of ander historiese gebeurtenis gekoppel is, plaasgevind. In hierdie verband word veral gedink aan die herdenking van die slag by Bloedrivier (16 Desember 1838). Aanvanklik het 16

Desember as 'n vakansiedag, Dingaansdag, bekend gestaan, later as Geloftedag en vanaf 1994 het dit 'n breër betekenis ontvang deur voortaan as Versoeningsdag bekend te staan. Veral vanaf die laat 1920's is die dag al hoe meer gepolitiseer en ingespan om Afrikanernasionalisme te bevorder (kyk bv. Bailey 1998: 10; Bailey 2002; Moodie 1975; Thompson 1985), soos ook die geval was met ander vakansiedae soos Krugerdag (10 Oktober, ter ere van pres. Paul Kruger van die voormalige Transvaalse Boererepubliek; later herdoop tot Heldedag, maar afgeskaf in 1995) en Van Riebeeckdag (6 April, ter ere van die sogenaamde "volksplanter"; later herdoop tot Stigtersdag, maar afgeskaf in 1995). In Suid-Afrika vandag (2006) word die gebeure te Sharpeville en elders in 1961 op Menseregtedag (21 Maart) herdenk, die opstande te Soweto en elders in 1976 op Jeugdag (16 Junie) en die protes van vroue teen paswette in 1956 op Vrouedag (9 Augustus). Politici het dus deur die jare heen 'n deurslaggewende rol gespeel in die vasstelling van herdenkingsdae en gevolglik het dié vakansiedae oor die algemeen steeds 'n sterk politieke karakter.

Die mees ingrypende herdenkingsgeleentheid tot nog toe in Suid-Afrika, was die Groot Trek Eeufees van 1938, wat veel gedoen het om Afrikaners te verenig en hul nasionalisme te bevorder (Messina 1981; Mostert 1940). Die Van Riebeeckfees van 1952 ter ere van die Nederlandse vestiging aan die Kaap 300 jaar tevore was ook tot 'n groot mate 'n blanke Afrikanerfees (kyk bv. Rassool en Witz 1993: 447-468; Witz 2003). Ná Republiekwording in 1961 het belangstelling in herdenkingsgeleenthede afgeneem: vir baie Afrikaners het Republiekwording die verlies van republikeinse onafhanklikheid in 1902 herstel; voortaan wou die Nasionale Party-regering Engelssprekende blankes se steun wen, en jong Afrikaners was geneig om na die toekoms uit te reik, eerder as om oor die verlede te besin (Grundlingh 1999: 24). Geen wonder dus dat die 150-jarige herdenking van die Groot Trek in 1988 min steun geniet het en eerder onthou sal word vir die feit dat dit die politieke verdelings wat in daardie stadium in Afrikanergeledere bestaan het, weerspieël het (kyk bv. Grundlingh en Sapire 1989: 19-37). Dit is teen hierdie agtergrond dat vervolgens in meer besonderhede na die omvangrykste herdenking tot nog toe in die post-1994 "nuwe Suid-Afrika" gekyk gaan word.

## 4. Gevallestudie: Die herdenking van die Anglo-Boereoorlog [2]

Die Anglo-Boereoorlog (11 Oktober 1899–31 Mei 1902) is die mees ingrypende oorlog wat tot nog toe op Suid-Afrikaanse grondgebied gevoer is (kyk bv. Pakenham 1979; Nasson 1999; Amery 1900-1909; Maurice en Grant 1906-1910; Breytenbach 1969-1996). Saam met die Groot Trek van die 1830's vorm dit die

[2] Die outeurs het talle van die herdenkingsgeleenthede bygewoon en dus is daar nie oral verwysings nie.

mees epogmakende gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaner. Dit is dus te begrype dat die honderdjarige herdenking van die oorlog in die jare 1999-2002 'n heel besondere gebeurtenis (of eerder, reeks gebeurtenisse) was en besonder baie belangstelling uitgelok het. Die aanloop tot die herdenking het reeds ongeveer middel-1998 begin en tot en met middel-2002 was daar 'n totaal van meer as 100 herdenkingsgeleenthede oor die lengte en breedte van die Republiek van Suid-Afrika (RSA). Ongeveer 200 nuwe boeke oor die oorlog of een of meer aspek van die stryd is gepubliseer, asook meer as 100 artikels in akademiese tydskrifte en 'n paar duisend artikels in koerante, terwyl 'n aantal nuwe Afrikaanse romans en kortverhale wat teen die agtergrond van die oorlog afspeel, ook die lig gesien het.

Die herdenking het plaasgevind binne die konteks van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika", sowat tien jaar nadat Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat en politieke organisasies ontban is, en vyf jaar nadat die RSA se eerste volwaardige demokratiese verkiesing plaasgevind het. Die herdenking het dus plaasgevind in 'n RSA met 'n veel oper samelewing as ooit tevore—in 'n land waar kultuurgroepe meer as vroeër geneig is om na mekaar te luister.

Wat die organisering van die Anglo-Boereoorlogherdenkingsgeleenthede betref, kan 'n hele aantal rolspelers geïdentifiseer word, van wie die vernaamstes (in geen spesifieke orde van belangrikheid nie) die volgende was:

(1) Die Sentrale Reëlingskomitee vir die Herdenking van die Anglo-Boereoorlog, onder voorsitterskap van kolonel Frik Jacobs (Direkteur van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein). Die meeste van die RSA se nege provinsies het ook 'n eie komitee gehad, waarvan die onderskeie voorsitters op die Sentrale Reëlingskomitee gedien het. Die streekskomitees het op hul beurt gedeeltelik bestaan uit die voorsitters van plaaslike komitees wat in dorpe en stede tot stand gebring is.

(2) Die nasionale regering. Aanvanklik was die African National Congress (ANC)-geleide regering redelik afsydig en selfs negatief oor die gedagte om deel te neem aan die oorlogsherdenking. Hulle het geredeneer dat 'n demokraties verkose en swart meerderheidsregering geen rede gehad het om 'n "witmansoorlog" (en 'n stryd wat in die teken van Afrikanernasionalisme gestaan het) te herdenk nie (kyk bv. Dominy en Callinicos 1999: 388-403). Met verloop van tyd het die regering egter tot die insig gekom dat die herdenking die geleentheid gebied het om, onder andere, nasionale versoening en nasiebou te bevorder, en vanaf November 1998 is die herdenking gevolglik as 'n erfenisprojek van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie aanvaar. [3] (Sommige provinsiale en plaaslike rade was ook betrokke.)

[3] André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), ABO100 (lêer): Toespraak deur dr. Ben Ngubane (Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie), Bloemfontein, 8.10.1999.

(3) Ander rolspelers, byvoorbeeld die Volkskomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog (met ander woorde Anglo-Boereoorlog), en dan uiteraard ook akademici wat konferensies oor die oorlog gereël het.

Die verskillende rolspelers se oogmerke met betrekking tot die herdenking was uiteraard nie altyd dieselfde nie, maar breedweg kan die volgende herdenkingsdoelwitte geïdentifiseer word (weer eens in geen spesifieke orde van belangrikheid nie):

(1) Om die oorlogsgebeure en offers wat gebring is in herinnering te roep en diegene wat aan beide kante gesterf het, se nagedagtenis te eer.
(2) Om belangstelling in en kennis in verband met die oorlog (en die gevolge van die stryd) uit te brei, veral onder die breë publiek (van alle rasse) en mense bewus te maak van die waarde van geskiedenis.
(3) Te verseker dat die herdenking momentum sal behou vir die volle duur van die herdenkingsperiode (Oktober 1999-Mei 2002).
(4) Die geleentheid te benut om 'n positiewe beeld van die RSA en al nege van die land se provinsies na buite te projekteer.
(5) Toerisme te bevorder—sowel wat betref buitelandse besoekers as plaaslike inwoners.
(6) Ekonomiese groei in die RSA te bevorder en nuwe werksgeleenthede te skep.
(7) Om historiese terreine op te gradeer en vir die nageslag te bewaar.
(8) Versoening en nasiebou in die RSA te bevorder.
(9) Wetenskaplike (akademiese) kennis in verband met die oorlog te vermeerder en, waar nodig, die geskiedenis te herinterpreteer.

Uiteraard is die meeste van die geïdentifiseerde doelwitte onderskeibaar, maar nie noodwendig skeibaar van die ander nie; trouens, sommige hang ten nouste met mekaar saam (byvoorbeeld (4), (5) en (6)), terwyl oorvleueling ook voorkom (byvoorbeeld tussen (2) en (9)).

Die herdenking het met drie nasionale geleenthede afgeskop:

(1) Die opening van die nuwe Anglo-Boereoorloguitstalling in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke op 8 Oktober 1999 in Bloemfontein—deur dr. Ben Ngubane, destyds die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.
(2) Kransleggings by die grafte van Boereburgerlikes, Britse soldate en swart mense, asook die onthulling van 'n monument ter ere van swart mense wat tydens die oorlog in die interneringskampterrein [4] net buite Brandfort in die Vrystaat gely het. Ongeveer 3500 mense (meestal swart persone) het die geleentheid bygewoon. Onder die aanwesiges was die RSA se staatspresident,

[4]Die meer neutrale term "interneringskamp" word verkies bo die meer emosioneel-belaaide en omstrede term "konsentrasiekamp."

Thabo Mbeki, Brittanje se hertog van Kent, lede van die sentrale regering, en van provinsiale en plaaslike rade. [5]

(3) 'n Byeenkoms te Mafikeng om die rol wat die Barolong tydens die beleg van Mafikeng gespeel het, te belig. Onder die sowat 500 aanwesiges was die destydse adjunk-president, Jacob Zuma *(The Star* 11 Okt. 1999: 2).

Na afloop van bogenoemde nasionale geleenthede, het die fokus van die herdenking grootliks na plaaslike byeenkomste verskuif waartydens op spesifieke gebeurtenisse (soos veldslae) gekonsentreer is. Indien al die herdenkingsgeleenthede in oënskou geneem word, kan hulle min of meer in die volgende kategorieë verdeel word (weer eens in geen spesifieke orde nie):

(1) Die onthulling of hertoewyding van monumente en gedenktekens. Hierdie seremonies het gewoonlik met toesprake en/of kransleggings gepaard gegaan. Voorbeelde sluit in die Brandfort-interneringskampterrein (waarna reeds hierbo verwys is), asook die hertoewyding van die Anglo-Boereoorloggedenkteken op Francis Farewell-plein in Durban (17 Oktober 1999), en die onthulling van die Vryheidsmonument te Ladysmith (ter ere van almal wat in Suid-Afrika vir vryheid geveg het; 24 Oktober 1999). Nadat 'n standbeeld van die guerrillavegter Danie Theron van net buite Kimberley na Fort Schanskop te Pretoria verskuif is, is die standbeeld op 6 Maart 2002 heronthul. Die voormalige staatspresident, Nelson Mandela, het by hierdie geleentheid 'n toespraak gelewer waarin hy hulde aan Theron gebring het en onder meer gesê het dat hy (Mandela) beïnvloed is deur die Boerevryheidsvegters. Die "amptelike" einde van die herdenking het op 1 Junie 2002 by die Anglo-Boereoorloggedenkteken langs die Suid-Afrikaanse Museum vir Krygsgeskiedenis te Saxonwold, Johannesburg, plaasgevind. Genoemde gedenkteken is hertoegewy om voortaan al die oorlogslagoffers te vereer. Ongeveer 50 kranse is gelê, onder meer deur ambassadeurs (of hul verteenwoordigers), kultuuren ander organisasies, militêre eenhede en stadsraadslede. Onder die eregaste was die Zulus se koning, Goodwill Zwelithini.

(2) Die herdenking van veldslae en ander gebeurtenisse, gewoonlik in die vorm van toesprake en kransleggings—soms presies 100 jaar na afloop van die slag, maar soms 'n dag of meer voor of na die gebeure se 100-jarige herdenking. Veldslae wat spesifiek herdenk is, sluit in Talana (20 Oktober 1899), Elandslaagte (21 Oktober 1899), Magersfontein (11 Desember 1899), Colenso (15 Desember 1899), Spioenkop (24 Januarie 1900), Paardeberg (17-27 Februarie 1900), Abrahamskraal-Driefontein (Bosrant, 10 Maart 1900) en Sannaspos (31

[5] André Wessels Private Dokumenteversameling (Bloemfontein), ABO100 (lêer): *Launch of the Commemoration of the Centenary of the Anglo-Boer South African War* (program); onderhoud met kol. F. Jacobs, Bloemfontein, 10.11.1999.

Maart 1900). By Spioenkop was daar op sowel 13 November 1999 (in die teenwoordigheid van adjunk-president Jacob Zuma en die hertog van Edinburgh) (Televisienuusbulletin, SABC3, 13 Nov. 1999) en weer op 24 Januarie 2000 herdenkingsbyeenkomste gehou. By Talana is dié veldslag op 23 Oktober 1999 uitgebeeld (met herhalings op 6 en 20 November 1999). Ook die Magersfonteinveldslag is uitgebeeld (11 Desember 1999). Op 31 Maart 2000 is die slag te Sannaspos uitgebeeld tydens 'n omvangryke herdenkingsgeleentheid wat onder andere deur lede van Q Battery Royal Horse Artillery (een van die Britse eenhede wat aan die geveg deelgeneem het) bygewoon is. Ander gebeurtenisse wat uitgebeeld is, was Winston Churchill se toespraak in Durban nadat hy uit krygsgevangenskap ontsnap het (op 19 Oktober 1999 deur sy kleindogter, lady Celia Sandys, voorgelees), die dinee in Bloemfontein waartydens lord Roberts die oorlogskorrespondente onthaal het (28 Maart 2000), asook die gebeure in die eetkamer van Melrose Huis in Pretoria, presies 100 jaar ná die Boereafgevaardigdes die voorwaardes van oorgawe onderteken het.

(3) Konserte, opvoerings en ander byeenkomste. Voorbeelde van "verskeidenheidskonserte" wat ter herdenking van die Anglo-Boereoorlog gehou is, sluit in dié wat die aand van 19 Oktober 1999 in die Durbanse stadsaal gehou is en op 23 Oktober 1999 in Ladysmith. Tydens laasgenoemde geleentheid was lede van die Zulu koninklike gesin teenwoordig om na die bekende groep Ladysmith Black Mambazo, die Drakensbergse Seunskoor en die Suid-Afrikaanse Vlootorkes te luister. Deon Opperman se befaamde eenpersoonsdrama *Dear Mrs Steyn* (met Wilna Snyman op die verhoog) is 'n stuk wat teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog afspeel en is tydens die herdenking by meer as een geleentheid en op meer as een plek opgevoer. Anders as voor 1994, toe die ou Suid-Afrikaanse Weermag prominent by talle kulturele en ander geleenthede gefigureer het, het die nuwe (post-1994) Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag weens finansiële en politieke redes nie 'n groot rol tydens die herdenking gespeel nie. Tydens 'n militêre parade (ter herdenking van die oorlog) op 23 Oktober 1999 te Ladysmith is die vryheid van die dorp aan die Suid-Afrikaanse Vloot toegeken, maar andersins was dit gewoonlik bloot plaaslike militêre eenhede wat soms by herdenkingsgeleenthede 'n rol gespeel het.

(4) Die opgradering van Anglo-Boereoorlogslagvelde en ander terreine wat met die oorlog verband hou. Talle terreine is gerestoureer en/of skoongemaak en die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie was betrokke by pogings om die grafte van swart Anglo-Boereoorlogslagoffers in kerkhowe in of naby swart interneringskampe op te spoor en te restoureer. Waar nodig is paaie wat na die terreine lei ook opgeknap.

(5) Akademiese konferensies. Drie groot akademiese konferensies is in Suid-Afrika gehou om die oorlog te herdenk. Die eerste een, wat 3-5 Augustus 1998 in

Pretoria gehou is, is deur die Biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika aangebied. Die tema was "Rethinking the South African War." [6] Die grootste herdenkings-konferensie is 12-15 Oktober 1999 deur die Universiteit van die Vrystaat se Departement Geskiedenis in Bloemfontein aangebied. [7] Ten derde was daar die konferensie wat 29-31 Augustus 2001 in Durban plaasgevind en oor die rol van swart mense in die oorlog gehandel het—aangebied deur die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. [8] Ander konferensies en dies meer wat oor die oorlog gehandel het, sluit in 'n simposium wat 29-30 Mei 1998 deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenige (FAK) in samewerking met die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein aangebied is; [9] 'n dagseminaar wat deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat en die Oorlogsmuseum in Bloemfontein aangebied is (25 Mei 2002); [10] 'n konferensie wat deur die Universiteit van Suid-Afrika se Eenheid vir Kinderliteratuur in Pretoria aangebied is (27-29 Mei 2002) oor Afrikaanse fiksie en die oorlog; en 'n konferensie wat deur die FAK in Bloemfontein aangebied is (31 Mei-2 Junie 2002), met as tema "Die toekoms: Ons uitdaging."

(6) 'n Debat in die Nasionale Vergadering (parlement). Die debat (of eerder, bespreking) het op 16 November 1999 in die parlementsgebou in Kaapstad plaasgevind en het gehandel oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog en die lesse wat daaruit geleer kan word. [11] Tydens die bespreking is die geskiedenis van die stryd vanuit verskillende oogpunte belig; byvoorbeeld, mnr. Marthinus van Schalkwyk (destyds nog leier van die Nuwe Nasionale Party) het hoofsaaklik vanuit 'n Afrikanerperspektief na die oorlog gekyk. Talle sprekers het die oorlog aan eietydse gebeure gekoppel, daarop gewys dat sowel die Anglo-Boereoorlog as die stryd teen apartheid bevrydingstryde was, maar ook op die futiliteit van oorlog (in teenstelling met die waarde van onderhandelinge) gewys (Republiek van Suid-Afrika 1999).

Die meeste van die herdenkingsgeleenthede en kategorieë van geleenthede waarna hierbo verwys is, het in 'n mindere of meerdere mate dekking in die

---

[6] Talle van die referate is gepubliseer in die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 41, 1999.

[7] Talle van die referate is gepubliseer in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25.2, Desember 2000.

[8] Vyf jaar na afloop van die konferensie is daar steeds geen teken van die boek waarin sommige van die referate gepubliseer sou word nie.

[9] Die referate is gepubliseer in *Afrikanerperspektiewe op die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Johannesburg, 1999).

[10] Die meeste van die referate is gepubliseer in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27.2, Mei 2002.

[11] Die vraag of lesse enigsins uit die geskiedenis geleer kan word, val buite die bestek van hierdie studie en dus word daar nie verder daarop ingegaan nie.

gedrukte en/of elektroniese media ontvang. Oor die algemeen het veral koerante 'n groot rol gespeel om die 100-jarige herdenking van die oorlog en die belangrikheid van die oorlog in die geskiedenis van Suid-Afrika onder die breë publiek (en alle kultuurgroepe) se aandag te bring. Veral in Oktober-Desember 1999 het die herdenking prominent in talle koerante gefigureer, maar tot Junie 2002 was daar voortgesette publisiteit. Die Bloemfonteinse oggendkoerant *Volksblad* het byvoorbeeld elke week, Maandag tot Saterdag, vanaf 11 Oktober 1999 tot 31 Mei 2002 ten minste een artikel per dag oor die oorlog (of die herdenking daarvan) geplaas. Die "amptelike" afsluiting van die herdenking op 1 Junie 2002 (waarna reeds vroeër verwys is) het egter min publisiteit geniet omdat die bekende (by baie blanke Afrikaanssprekendes ook besonder geliefde, hoewel omstrede) voormalige krieketkaptein, Hansie Cronjé, daardie selfde middag in 'n vliegtuigongeluk gesterf het en berigte in dié verband die media vir die volgende week oorheers het.

'n Aantal dokumentêre televisieprogramme is oor die oorlog gemaak, insluitende *Empire and Eclipse* en *The South African War* (beide bestaande uit meer as een episode, en beide in die periode Oktober-Desember 1999 die eerste keer deur die SABC gebeeldsend), en *Scorched Earth* (die eerste keer op M-Net gebeeldsend op 31 Julie 2001), met 'n Afrikaanse (hoewel ietwat meer anti-Britse) weergawe, *Verskroeide aarde* (die eerste keer op kykNET gebeeldsend op 2 Augustus 2001). Laasgenoemde twee Engelse/Afrikaanse dokumentêre programme het die meeste opspraak verwek en is met publikasies opgevolg (Pretorius 2001a, 2001b).

In die aanloop tot die herdenking het sommige gevrees dat mense met sogenaamde regse politieke oortuigings die herdenking vir politieke oorweegredes sou kaap. In die praktyk het regse groepe inderdaad die herdenking as die voortsetting van "die Afrikaner" se vryheidstryd (wat ookal daaronder verstaan word) beskou (en hulself as eietydse bittereinders), maar hul aktiwiteite het min belangstelling en nog minder publisiteit ontlok.

In welke mate het die herdenking in die geheel gesien aan die verwagtinge voldoen en het dit enige blywende invloed uitgeoefen? Ten einde antwoorde hierop te probeer bekom, word die mate waartoe elk van die herdenkingsdoelwitte bereik is, vervolgens kortliks bespreek (kyk weer eens die doelwitte soos vroeër in hierdie onderafdeling uiteengesit—die nommer van die bespreking kom ooreen met die nommer van die doelwit):

(1) Die ideaal om die oorlogsgebeure in herinnering te roep en diegene wat in die oorlog gesterf of gely het, te eer, was sentraal tot die meeste herdenkingsgeleenthede en daar is dus aan hierdie doelwit voldoen. Die verliese wat deur al die deelnemende partye gely is, is in herinnering geroep, insluitende wit *en* swart interneringskampslagoffers. Burgerlikes wat op plase agtergebly

of te velde rondgetrek het om uit Britse hande te bly, het egter nie veel aandag geniet nie, soos ook (om verstaanbare redes) die hensoppers en (veral) die joiners.

(2) Dit is moeilik om presies te bepaal in welke mate die herdenking inderdaad belangstelling in en kennis van die oorlog vergroot het, hoewel dit in die algemeen waarskynlik wel gebeur het, veral waar mediablootstelling groot is. Die herdenking was 'n beskeie ("low-key") gebeurtenis en belangstelling was selde besonder groot. Danksy wye mediadekking is daar egter min Suid-Afrikaners wat—solank hulle wel aan die media blootgestel is—kan sê dat hulle nie van die herdenking, en dus ook van die oorlog, kennis geneem het nie. Veral gedurende die eerste paar herdenkingsmaande het die getal besoekers aan Anglo-Boereoorlogmuseums toegeneem. Waar die Talana Museum net buite Dundee in KwaZulu-Natal gewoonlik ongeveer 6000 besoekers per maand het, het dit gedurende die eerste paar maande van die herdenking tot 29000 per maand toegeneem. [12] Ongeveer 20000 persone besoek gewoonlik die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein per jaar, maar gedurende April 1999-Maart 2000 was daar sowat 28000 besoekers en 38000 vir die periode April 2000-Maart 2001; dit sluit 'n toename in die aantal swart besoekers in. [13]

(3) Al was die herdenking oor die algemeen beskeie van aard, is dit merkwaardig dat die momentum van die herdenking vir die volle periode Oktober 1999 tot Junie 2002 volgehou is; trouens, daar het skaars 'n week verbygegaan sonder dat daar nie iewers in die RSA een of ander herdenkingsgeleentheid was nie. Dit was egter hoofsaaklik Afrikaanssprekende blankes wat die geleenthede bygewoon het.

(4) Oor die algemeen is die geleentheid benut om 'n positiewe beeld van die RSA en al nege provinsies te projekteer. Al het daar nie oral in die land ewe veel histories belangrike gebeure tydens die oorlog afgespeel nie, en al was daar dus nie oral ewe veel herdenkingsgeleenthede nie (kyk byvoorbeeld die Wes-Kaap), het al die provinsies voordeel getrek uit die herdenking (in besonder ook die Wes-Kaap), aangesien veral buitelandse besoekers die geleentheid benut het om ook ander dele van die land te besoek.

(5) Uit (4) volg dus logies dat die herdenking toerisme bevorder het. KwaZulu-Natal en die Noord-Kaap was die provinsies wat die meeste sukses behaal het deur hul gebiede op groot skaal te bemark. Die feit dat 'n groot aantal belangrike, bekende en maklik toegangbare Anglo-Boereoorlogterreine in hierdie provinsies geleë is, het uiteraard die proses vergemaklik—byvoorbeeld die

[12] Onderhoud met mnr. K. Gillings, Bloemfontein, 5.Okt.2000.

[13] Onderhoud met kol. F. Jacobs, Bloemfontein, 9.Okt.2000; inligting verskaf deur kol. F. Jacobs, 13.Aug.2002.

Talana-, Elandslaagte-, Colenso-, Spioenkop- en Pietershoogte-slagvelde en Ladysmith-belegterreine in KwaZulu-Natal en die Belmont-, Graspan-, Modderrivier- en Magersfontein-slagveldterreine en Kimberley-belegterreine in die Noord-Kaap. Die feit dat daar vir die meeste van genoemde terreine goeie gidsboeke saamgestel is met die oog op die herdenking, het uiteraard ook aandag getrek en toeriste gelok—kyk in hierdie verband byvoorbeeld G. Torlage en S. Watt, *A Guide to the Anglo-Boer War Sites of KwaZulu-Natal* (1999), S. Watt, *The Siege of Ladysmith: 2 November-28 February 1900* (1999) en S. Lunderstedt red., *Summer of 1899: The Siege of Kimberley, 14 October 1899 to 15 February 1900* (1999). Verder was die Vriende van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein die dryfkrag agter die publikasie van 'n groot aantal gidse wat oor ander oorlogsones handel, byvoorbeeld A.V. Oosthuizen (samesteller), *A Guide to the Battlefields, Graves and Monuments of the Anglo-Boer War in the North Eastern Cape: Hundredth Anniversary 1899-1999* (1998) en D.A. van der Bank, *1899-1902: slagvelde, gedenktekens en grafte van die Anglo-Boereoorlog in Bloemfontein en omgewing / Battlefields, Monuments and Graves of the Anglo-Boer War in Bloemfontein and Vicinity* (2001). Ander noemens- waardige toerismegidse sluit in T. Westby-Nunn (samesteller), *A Tourist Guide to the Anglo-Boer War 1899-1902* (2000) en P.J. Greyling, *Pretoria en die Anglo-Boereoorlog: 'n gids tot geboue, terreine, grafte en monumente / Pretoria and the Anglo-Boer War: A Guide of Buildings, Terrains, Graves and Monuments* (2000). Ongelukkig was daar steeds baie min swart Suid-Afrikaners wat deur hul land getoer en plekke van historiese belang besoek het.

(6) Die herdenking en gepaardgaande toename in toerisme het ten minste vir die duur van die herdenking in sekere dele van die land tot ekonomiese groei gelei en talle plaaslike (meestal werklose) swart persone is ook as toergidse opgelei. Ongelukkig was hierdie ekonomiese groei en werksgeleenthede meestal bloot van tydelike aard.

(7) Talle Anglo-Boereoorlogterreine is opgradeer met die oog op die herdenking, insluitende die Brandfort-interneringskamp en die Spioenkop- en Elandslaagte-slagvelde, en baie ander is skoongemaak. Na afloop van die herdenking is talle terreine egter weer toegelaat om agteruit te gaan. Vandalisme is ook 'n groot probleem.

(8) Dit is moeilik om te bepaal of die herdenking veel bygedra het tot versoening en nasiebou in die RSA. Die herdenking het in 'n goeie gees plaasgevind en waar geleenthede plaasgevind het, is goeie verhoudinge en beter begrip tussen kultuurgroepe bevorder. Herdenkingsgeleenthede skep immers die ruimte vir mense wat andersins soms nie veel kontak met mekaar het nie, om mekaar te ontmoet. Soos reeds vermeld, is die meeste van die geleenthede egter deur Afrikaanssprekendes vir Afrikaanssprekendes gereël. Baie

Afrikaanssprekendes het egter inderdaad nou vir die eerste keer meer van die Anglo-Boereoorlog geleer. Anders as tydens die Waarheids- en Versoeningskommissie se werksaamhede (1995-1998) (kyk bv. Meiring 1999; Boraine 2000; Graybill 2002; Krog 2002; Posel en Simpson 2002; Tutu 1999) toe Afrikaanssprekendes met die vergrype van die apartheidsera gekonfronteer is en by wyse van spreke in die beskuldigingsbank geplaas is, het die Anglo-Boereoorlogherdenking 'n stuk geskiedenis in herinnering geroep waar Afrikaanssprekendes se voorgeslag 'n relatief heroïese stryd teen onderdrukkende Britse imperialisme gevoer het; dieselfde imperialisme wat ook die Zulus en ander swart volke van hul vryheid ontneem het. Die boodskap dat alle Suid-Afrikaners 'n gemeenskaplike verlede deel en dat die Anglo-Boereoorlog aan alle Suid-Afrikaners behoort, is in menige herdenkingstoesprake uitgedra.[14] Oor die algemeen was die herdenkingsgeleenthede gebalanseerd en inklusief, en het die ingewikkeldheid van wat herdenk is, na vore gekom. Tot 'n groot mate is ook (suksesvol) gepoog om die herdenking uit die party-politieke arena te hou.

(9) Vanuit 'n akademiese oogpunt gesien was die herdenking 'n groot sukses, danksy die talle konferensies wat gehou is en die groot aantal nuwe publikasies wat die lig gesien het. Navorsing is gestimuleer (insluitende nagraadse studie), nuwe vrae omtrent die verlede is ontwikkel en talle nuwe interpretasies het na vore gekom (kyk bv. Porter 2000: 633-648; Saunders 2001: 4, 14-16; Theron 2001: 115-116, 137, 143).

## 5. Slotperspektiewe

Om te herdenk is om bestek op te neem, is om rekenskap te gee: rekenskap te gee van die verlede vanuit die hede en met die oog op die toekoms. Op die oog af kan herdenkingsgeleenthede as onbenullig afgemaak word, maar soms kan hulle verreikende implikasies vir 'n land en/of 'n samelewing inhou. Wanneer politici of andere herdenkings misbruik of selfs kaap, kan dit wat herdenk word op selektiewe wyse misbruik word om optredes van die verlede óf te regverdig óf in 'n swak lig te stel. Herdenkings kan ook as die handperd van nasionalisme en/of nasiebou gebruik word (Anderson 1991; Hobsbawn en Ranger 1983; Gillis 1994).

[14] Kyk bv. pres. Thabo Mbeki se toespraak te Brandfort, 9.Nov.1999, en die destydse adj.-pres. Jacob Zuma se toespraak te Mafikeng, 10.Nov.1999, beide by <http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1999/news1011>. Dit is insiggewend dat pres. Mbeki ook in sy bekende "I am an African"-toespraak (8.Mei.1996) na die Anglo-Boereoorlog verwys het en hom met die lyding van die Afrikaner geïdentifiseer het (Hadland en Rantao 1999: 154).

Indien 'n deel van die gemeenskap egter uitgesluit word of uitgesluit voel, kan dit 'n samelewing (verder) verdeel (Kertzer 1988: 6-7, 67 et seq.).

Herdenkings is van besondere belang in en vir gemeenskappe wat 'n dramatiese transformasieproses beleef, hetsy of dit polities, ideologies, ekonomies en/of maatskaplik van aard is. In sulke tye ervaar mense baie keer 'n gevoel van onsekerheid en diskontinuïteit wat die verlede betref. Deur middel van herdenkings word die verlede in herinnering geroep, historiese perspektief verleen en kan die gevoel van om te behoort herstel word (Eriksen 1996: 9-11, 27-28). Herdenkings ontruk historiese gebeurtenisse aan die vergetelheid en kan dus ook 'n vername rol speel in die bekamping van historiese geheueverlies.

Uit die gevallestudie is dit duidelik dat die bestudering van herdenkingsgeleenthede 'n mens inderdaad kan help om bestek op te neem van die toestand waarin 'n land (in hierdie geval die RSA) en samelewing op 'n bepaalde stadium verkeer. Die feit dat die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog in die post-1994 era plaasgevind het, het beslis die aard en omvang van die herdenking beïnvloed en ook beteken dat nuwe rolspelers (soos die nuwe, oorwegend swart regering) aan die herdenking deelgeneem het. Die herdenking is egter vir geen politieke doel gekaap nie. Gevolglik het dit ook geen verdelende invloed uitgeoefen nie en soms (veral op plaaslike vlak) gemeenskappe nader aan mekaar gebring.

Selfs indien die herdenking op die langtermyn geen blywende invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing sal bly uitoefen nie, was die herdenking as sodanig 'n heel besondere gebeurtenis. Selde, indien ooit, vantevore het enige plek ter wêreld soveel herdenkingsgeleenthede om oorlog te herdenk in die loop van meer as twee en 'n half jaar beleef. En die oorlog was op die koop toe 'n stryd wat, gemeet aan die aard en omvang van talle ander oorloë in die wêreld deur die eeue heen, nie omvangryk nie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks was dit egter wel 'n ingrypende konflik wat al die rassegroepe in die oorlogsgebied op een of ander wyse geraak het, en daarom dan ook die (hernieude of nuut-ontdekte) belangstelling.

Die Anglo-Boereoorlogherdenking van 1999-2002 was 'n goedgeorganiseerde en gepaste herdenking van 'n tragiese stryd in die geskiedenis van Suid-Afrika. Deur veral klem te plaas op die lyding van onskuldige burgerlikes van alle rasse, is die boodskap hopelik tuisgebring dat alles gedoen moet word om te voorkom dat só 'n traumatiese konflik, wat ingrypende gevolge ingehou het, weer uitbreek (kyk bv. Wessels 2001: 1-20). Danksy die groot volume nuwe publikasies, het die herdenking ook bygedra om die toekoms van Suid-Afrikaners se verlede te verseker. Uit die bestudering van die Anglo-Boereoorlogherdenking, soos ook die herdenking van ander gebeure waarna daar in onderafdelings 2 en 3, *supra*, verwys is, kan veel geput word wat met vrug toegepas kan word wanneer herdenkingsgeleenthede in die toekoms gereël word, hetsy dit die 100-jarige

herdenking van die Eerste Wêreldoorlog in 2014-2018 is (insluitende die rebellie wat in 1914-1915 in Suid-Afrika plaasgevind het), die 75$^{ste}$ herdenking van die Tweede Wêreldoorlog in 2014-2020, die 100-jarige herdenking van Pole se herlewing as staat in 2018 en die 30$^{ste}$ herdenking van die totstandkoming van die Poolse vakbond, Solidariteit, in 2010.

**Bibliografie**


Adj.-pres. Jacob Zuma se Toespraak te Mafikeng. 10 Nov. 1999 <http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1999/news1011>.

Amery, L.S., red. 1900-1909. *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*. 7 vols. London: Sampson, Low, Marsten and Company.

Anderson, B. 1991. *Imagined Communities: Reflections on the Origin and Spread of Nationalism*. London: Verso.

Bailey, A. 1998. "Geloftefees: Toe en nou." *Handhaaf* 2.3: 9-12.

. 2002. *Die gelofte van 16 Desember 1838: Die herdenking en betekenis daarvan, 1838 tot 1910*. Diss. Universiteit van Pretoria.

Boraine, A. 2000. *A Country Unmasked: Inside South Africa's Truth and Reconciliation Commission*. Oxford: Oxford University Press.

Breytenbach, J.H. 1969-1996. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*. 6 vols. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Bruce, G. 1979. *Harbottle's Dictionary of Battles*. 2$^{de}$ hersiene uitgawe. London: Granada.

*Daily News*. 7 Jul. 2005: 1.

*Daily Telegraph*. 29 Jun. 2005: 1, 4-5.

Dominy, G. en L. Callinicos. 1999. "'Is there Anything to Celebrate?' Paradoxes of Policy: An Examination of the State's Approach to Commemorating South Africa's Most Ambiguous Struggle." *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 41 Nov.: 388-403.

Eriksen, T.H. 1996. *Historia, myt och identitet*. Falkenberg: Bonnier Alba Essä.

Gillis, J. 1994. *Commemorations: The Politics of National Identity*. Princeton: Princeton University Press.

Goris, J. et al. 1998. *Voor Outer en Heerd: De Boerenkrijg in de Antwerpse Kempen 1798*. Turnhout: Brepols.

Graybill, L.S. 2002. *Truth and Reconciliation in South Africa: Miracle or Model?* Boulder: Lynne Rienner.

Greyling, P.J. 2000. *Pretoria en die Anglo-Boereoorlog: 'n Gids tot geboue, terreine, grafte en monumente* [*Pretoria and the Anglo-Boer War: A Guide of Buildings, Terrains, Graves and Monuments*]. Pretoria: Protea Boekhuis.

Grundlingh, A. 1999. "The Bitter Legacy of the Boer War." *History Today* 49.1: 21-25.

Grundlingh, A. en H. Sapire. 1989. "From Feverish Festival to Repetitive Ritual? The Changing Fortunes of Great Trek Mythology in an Industrialising South Africa, 1938-1988." *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 21: 19-37.

*Guardian*. 8 Jul. 2005: 1-8.

Hadland, A. en J. Rantao. 1999. *The Life and Times of Thabo Mbeki*. Rivonia: Zebra.

Hobsbawn, E. en T. Ranger, reds. 1983. *The Invention of Tradition*. Cambridge: Canto.

*International Express*. 12-18 Jul. 2005: 1-7, 10.

International Festival of the Sea: Official Souvenir Programme. n.d. Portsmouth: IFOS.

Jarman, N. 1997. *Material Conflicts: Parades and Visual Displays in Northern Ireland*. Oxford: Berg Publishers.

Kertzer, D. 1988. *Rituals, Politics and Power*. New Haven: Yale University Press.

Krog, A. 2002. *Country of my Skull*. 2$^{de}$ uitgawe. Johannesburg: Random House.

Launch of the Commemoration of the Centenary of the Anglo-Boer South African War (program). 10 Nov. 1999. Bloemfontein: André Wessels Private Dokumenteversameling.

Lunderstedt, S., red. 1999. *Summer of 1899: The Siege of Kimberley, 14 October 1899 to 15 February 1900.* Pretoria: Kimberley Africana Library.

Mac Ginty, R. 2001. "The Political Use of Symbols of Accord and Discord: Northern Ireland and South Africa." *Civil Wars* 4.1: 1-21.

Maurice, J.F. (samesteller) en M.H. Grant. 1906-1910. *History of the War in South Africa 1899-190*2. 4 vols. London: Hurst and Blackett.

McKenna, F. n.d. "Parades and Marches: Background Information on the Main Parading Organisations." <http://cain.ulst.ac.uk/issues/parade/organis.htm>.

Meiring, P. 1999. *Kroniek van die Waarheidskommissie: Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika.* Vanderbijlpark: Carpe Diem.

*Mercury*. 8 Jul. 2005: 1, 4, 10.

. 11 Jul. 2005: 5.

Messina, E.A. 1981. *Die voortrekkereeufees, 1938*. Diss. Universiteit van die Wes-Kaap.

Moodie, D.T. 1975. *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion.* Berkeley: University of California Press.

Mostert, D.J. 1940. *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees: 1838-1938*. Kaapstad: Nasionale Press.

Nasson, B. 1999. *The South African War 1899-1902*. London: Arnold Publishers.

National Day. n.d. <http://en.wikipedia.org/wiki/National_Day>.

Nelson & Napoleon Exhibition Guide (brosjure). n.d. Greenwich: National Maritime Museum.

Oosthuizen, A. V. 1998. *A Guide to the Battlefields, Graves and Monuments of the Anglo-Boer War in the North Eastern Cape: Hundredth Anniversary 1899-1999.* Bloemfontein: War Museum of the Boer Republics.

Pakenham, T. 1979. *The Boer War*. London: Abacus.

Porter, A. 2000. "The South African War and the Historians." *African Affairs* 99: 633-648.

Posel, D., en G. Simpson, reds. 2002. *Commissioning the Past: Understanding South Africa's Truth and Reconciliation Commission*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Pres. Thabo Mbeki se Toespraak te Brandfort. 9 Nov. 1999 <http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1999/news1011>.

Pretorius F., red. 2001a. *Scorched Earth*. Kaapstad: Human & Rousseau.

. 2001b. *Verskroeide aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Rassool, C., en L. Witz. 1993. "The 1952 Jan van Riebeeck Centenary Festival: Constructing and Contesting Public National History in South Africa." *Journal of African History 34:* 447-468.

Republiek van Suid-Afrika. 16-18 Nov. 1999. *Debates of the National Assembly (Hansard): First Session-Second Parliament*, kolomme 1914-1975.

Saunders, C. 2001. "Historiographical Reflections on the Significance of the South African War." *Kleio* 33: 4-16.

*Star*. 11 Okt. 1999: 2.

. 7 Mar. 2002: 7.
*Sunday Times*. 10 Jul. 2005: 4-5.
Theron, B. 2001. "Remembering the Anglo-Boer War: Its Place, 100 Years Later, in our Historical Consciousness." *Kleio* 33: 114-143.
Thompson, L.M. 1985. *The Political Mythology of Apartheid*. New Haven: Yale University Press.
Torlage, G. en S. Watt. 1999. *A Guide to the Anglo-Boer War Sites of KwaZulu-Natal* Randburg: Ravan Press.
Tutu, D.M. 1999. *No Future without Forgiveness*. London: Ryder.
Van der Bank, D.A. 2001. *1899-1902: Slagvelde, gedenktekens en grafte van die Anglo-Boereoorlog in Bloemfontein en omgewing* [*Battlefields, Monuments and Graves of the Anglo-Boer War in Bloemfontein and Vicinity*]. Bloemfontein: Nasionale Museum.
*Volksblad*. 8 Jul. 2005: 1, 3, 8-9.
. 9 Jul. 2005: 1, 5-6.
Watt, S. 1999. *The Siege of Ladysmith: 2 November-28 February 1900*. Randburg: Ravan Press.
*Weekly Telegraph*. 13-19 Jul. 2005: 8.
Wessels, A. 2001. "Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe." *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26.2: 1-20.
Westby-Nunn, T. 2000. *A Tourist Guide to the Anglo-Boer War 1899-1902*. Simonstad: Westby-Nunn.
Witz, L. 2003. *Apartheid's Festival: Contesting South Africa's National Pasts*. Bloomington: Indiana University Press.